# HOOFSTUK 8

# SAMEVATTING, BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN ENKELE AANBEVELINGS

## 8.1 INLEIDING

In hoofstukke 1 tot 5 is met die literatuurstudie gepoog om die rasionaal wat aanleiding tot hierdie navorsing gegee het, te regverdig. Die empiriese gedeelte van die navorsing is in hoofstukke 6 en 7 bespreek.

In hoofstuk 1 is kortliks stilgestaan by die probleemstelling, doel en ondersoekmetode vir hierdie ondersoek. Daar is ook gepoog om 'n uiteensetting te gee van begrippe wat binne die beroepsleidingprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement gebruik word.

Die historiese verloop van skoolvoorligting in die algemeen en beroepsleiding in die besonder, is in hoofstukke 2 en 3 kursories bespreek. In hoofstuk 2 is gelet op die historiese verloop van beroepsvoorligting in die RSA tot en met die vroeë tagtigerjare. Voorts is ook gelet op die historiese verloop in enkele oorsese lande.

Die bespreking in hoofstuk 3 het gehandel oor die beroepsleidingprogramme van enkele oorsese lande en die programme van die provinsiale onderwysdepartemente hier te lande. Daar is spesifiek gelet op die program vir die sekondêre skool in Transvaal.

Die teoretiese fundering van die aard en wese, sowel as die doel en taak van die beroepsleidingprogram is in hoofstuk 4 bespreek. Daar is onder andere kortliks stilgestaan by aspekte soos die behoefte aan en die noodsaaklikheid van 'n opvoedkundige verantwoordbare beroepsleidingprogram.

Die vereistes waaraan 'n opvoedkundige verantwoordbare beroepsleidingprogram behoort te voldoen is in hoofstuk 5 aangespreek. Daar is gelet op persoonspotensialiteite van die jeugdige binne die beroepsleidingsituasie. Die komponente van die beroepsleidingprogram is ontleed, terwyl daar ook gelet is op die invloed van buite-instansies op die skool se beroepsleidingprogram. Enkele vereistes ten opsigte van 'n effektiewe beroepsleidingprogram en kurrikulum vir sodanige program is in hoofstuk 5 van nader beskou.

Die navorsingsontwerp vir hierdie ondersoek is in hoofstuk 6 beskryf. Die motivering waarom die vraelys as metode om data te versamel, verkies is, asook die navorsingsmetode en -prosedures wat gevolg is, is volledig bespreek.

In hoofstuk 7 is die verwerking en interpretasie van die empiriese gegewens breedvoerig uiteengesit. Die statistiese gegewens is telkens aan die hand van tabelle bespreek.

Ten einde die beroepsleidingprogram in sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement objektief te kon evalueer, was dit noodsaaklik om aan die hand van 'n literatuurstudie vooraf én met behulp van 'n empiriese studie tot bepaalde bevindings en gevolgtrekkings te kom. Aanbevelings is na aanleiding van die bevindings en gevolgtrekkings gemaak.

In hierdie hoofstuk word gepoog om toepaslike aanbevelings te maak nadat die tersaaklike bevindings en gevolgtrekkings aan die orde gestel is. Hierdie hoofstuk en die studie sal afgesluit word met enkele slotopmerkings by wyse van moontlike riglyne vir die daarstel van 'n doeltreffende loopbaanoriënteringsprogram in die skool.

## 8.2 PROBLEEMSTELLING

In hoofstuk 1 (par. 1.2), is gestel dat die sekondêre skool 'n spesifieke beroepsleidingfunksie het en dat die jongmens se beroepskeuse geëvalueer word in die uitkoms van sy vak-, kursus- en studierigtingkeuses, asook sy skolastiese prestasie in samehang met sy persoonsbeeld. Voorts is daarop gewys dat skrywer in die praktyk van Loopbaanoriëntering ervaar het dat die leerlinge wat skool verlaat, onseker is oor hul beroepskeuse en dat heelparty aan die einde van hul skoolloopbaan nog nie tot 'n beroepskeuse gekom het nie.

Daar is ook gewys op die kwaliteit van die werk wat in die beroepsleidingprogram gedoen word en die verreikende gevolge wat dit op die kind se latere volwassenheid en dus op die land se mannekragbenutting en die ekonomie het.

Die volgende vrae is ten opsigte van die beroepsleidingprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement gestel, naamlik:

(1) Voorsien dit in die leerlinge se loopbaanoriënteringsbehoeftes?

(2) In welke mate word daarin geslaag om die doelwitte van die Transvaalse beroepsleidingprogram te bereik?

(3) Watter moontlike riglyne kan daargestel word om 'n doeltreffende loopbaanoriënteringsprogram daar te stel?

## 8.3 DOEL MET HIERDIE ONDERSOEK

Daar is in die loop van hierdie ondersoek gepoog om vanuit die literatuur te besin oor die effektiwiteit en die relevansie van die beroepsleidingprogram in die Transvaalse sekondêre skole en om 'n objektiewe evaluering, aan die

hand van opvoedkundige kriteria, van die beroepsleidingprogram in dié skole te maak.

Daar is verder ook gepoog om te bepaal of daarin geslaag word om die doelwitte van die program te bereik. Die oogmerk was ook om riglyne te ontwerp om 'n doeltreffender loopbaanoriënteringsprogram daar te stel.

## 8.4 HOOFBEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE GEGEWENS IN DIE EENRIGTINGFREKWENSIETABELLE

### 8.4.1 Biografiese gegewens

Verreweg die meeste van die 917 respondente (381 mans en 536 dames) wat by hierdie ondersoek betrek is, is afkomstig uit Transvaalse skole, naamlik 688 (75,0%) wat soos volg versprei is:

| | | |
|---|---|---|
| Stedelike gebied | : | 269 (29,3%); |
| Groot dorpe | : | 406 (44,3%); en |
| Landelike gebied | : | 240 (26,2%). |

(Vgl. par. 7.3.2 tabel 7.2.)

Daar is 716 (78,1%) respondente uit Afrikaanse skole, 77 (8,4%) uit Engelse skole en 119 (13,0%) uit Afrikaans en Engelse parallelmediumskole, terwyl 4 (0,4%) uit 'n ander taalmediumskool kom. Slegs 2 (0,2%) respondente het nie die ligging en 1 respondent (0,1%) het nie die taalmedium van die skool aangedui nie. Verreweg die meerderheid respondente (838 (91,4%)) kom uit groot gemengde skole met seuns- en dogterstotale wat soos volg versprei is:

| | SEUNSTOTALE | DOGTERSTOTALE |
|---|---|---|
| 0-250 | 229 (25,0%) | 199 (21,7%) |
| 251-500 | 391 (42,6%) | 323 (35,2%) |
| 501-750 | 197 (21,5%) | 278 (30,3%) |
| 751 en meer | 78 ( 8,5%) | 73 ( 8,0%) |

(Vgl. par. 7.3.2.1 en 7.3.2.2.)

Dit het ook uit die ondersoek na vore gekom dat die "gewilde" studierigtings wat op sekondêre skool gevolg word in voorkeurorde is: Algemene studierigting met 318 (34,7%) respondente, die Natuurwetenskaplike studierigting met 273 (29,8%) respondente en die Handelstudierigting met 178 (19,4%) respondente. (Vgl. par. 7.3.2.5.)

**Hieruit en in aansluiting by die Walterskomitee se ondersoek (DOK, 1990(a):138-141) kan aanbeveel word dat die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad ernstige oorweging moet gee aan die moontlikheid om minder gespesialiseerde studierigtings op die sekondêre skoolvlak aan te bied, sonder om die beginsel van gedifferensieerde onderwys nietig te verklaar.**

**Dit kan gedoen word deur 'n rasionalisering van die bestaande 8 onderskeie sekondêre studierigtings na byvoorbeeld 4 studierigtings, waarin komponente van elk van die 8 studierigtings geïnkorporeer is. So 'n rasionalisering sal noodwendig voorsiening moet maak vir die volgende:**

* **Geesteswetenskaplike;**
* **Natuurwetenskaplike;**
* **Handelswetenskaplike; en**
* **Tegnologiese loopbaanoriëntering van die leerling.**

### 8.4.2 Die belangrikheid van die aanbieding van Loopbaanoriëntering op skool

Uit die ondersoek blyk dit dat respondente geneig is om die noodsaaklikheid van die aanbieding van Loopbaanoriëntering op die primêre skool nie so hoog aan te slaan soos Loopbaanoriëntering op die sekondêre skool nie, maar dit nogtans as belangrik beskou. Dit het uit die ondersoek aan die lig gekom dat 495 (54,0%) respondente die aanbieding van Loopbaanoriëntering op primêre skoolvlak as "Baie belangrik" en "Belangrik" beskou (par. 7.3.5 Vgl. tabel 7.13). Terselfdertyd het 882 (96,2%) respondente

die aanbieding van Loopbaanoriëntering op sekondêre skoolvlak as "Baie belangrik" en "Belangrik" beskou.

Daar word geoordeel dat oorweging daaraan geskenk moet word om die loopbaanoriënteringsprogram so te kurrikuleer dat dit eerder 'n sterk algemene loopbaanoriënteringskomponent in die primêre skool bevat en, namate die leerling in sy sekondêre skoolloopbaan vorder, hy al meer beroepsgerigte Loopbaanoriëntering moet ontvang.

In so 'n program behoort oorweging daaraan geskenk te word dat eerder van Loopbaanoriëntering, en nie van beroepsleiding nie, gepraat word. In so 'n loopbaanoriënteringsprogram moet sterk klem gelê word op bepaalde vaardighede wat die leerling in sy totale beroepsloopbaan en die ander lewensterreine prakties gaan nodig hê. Tegelykertyd behoort die loopbaanoriënteringsprogram bepaalde lewensvaardighede te kombineer met beroeps- en loopbaanvaardighede.

Dit het voorts ook duidelik uit die gegewens in hierdie ondersoek na vore gekom dat, hoewel beroepsleiding op 'n gereelde basis op die lesrooster voorkom, respondente aangetoon het dat hulle hoofsaaklik in klasgroepverband beroepsleiding ontvang het - desnieteenstaande die feit dat beroepsleiding meer as 'n blote skoolvak is en derhalwe anders as die "normale" gewone skoolvakke aangebied behoort te word. (Vgl. par 7.3.6 tabel 7.14.)

Gegewe die bevindinge dat die meerderheid respondente aangedui het dat hulle wel in die bepaalde "kritiese" standerds (st 5, 7 en 10) meerendeels in groepverband beroepsleiding ontvang het en heelwat minder respondente op individuele basis beroepsleiding ontvang het, moet die vraag gestel word of die onderwyservoorligters wel die tyd tot hul beskikking het om individuele loopbaanoriën-

tering aan die leerlinge te bied en of die "vak" "Beroepsleiding" wel as "Nie so belangrik nie", beskou word. (Vgl. par. 7.3.17.)

Gemeet aan die uitkomste van 'n vraag oor die frekwensie van beroepskeuse-onderhoude wat met die respondente gevoer is, wil dit voorkom of die pasgemelde kritiek tog van toepassing op die beroepsleidingprogram van die Transvaalse sekondêre skool is. Verreweg die oorgrote meerderheid respondente het aangetoon dat hulle nooit beroepskeuse-onderhoude met bepaalde onderwysers in die primêre skool gevoer het nie. Met betrekking tot die sekondêre skool het dit geblyk dat 195 (21.3%) respondente nooit met die onderwyservoorligter beroepskeuse-onderhoude gevoer het nie, 251 (27.4%) respondente het nooit met die vakonderwyser beroepskeuse-onderhoude gevoer nie, terwyl 538 (58.7%) nooit met die opvoedkundige hulpdienspersoneel beroepskeuse-onderhoude gevoer het nie. So blyk dit uit die gegewens (tabel 7.17) dat die respondente soos volg verdeel het met betrekking tot 1 of 2 beroepskeuse-onderhoude wat met hulle in die sekondêre skool gevoer is, naamlik met die -

| | |
|---|---|
| onderwyservoorligter | 387 (42,2%); |
| vakonderwyser | 375 (40.9%); en |
| Opvoedkundige Hulpdienspersoneel | 279 (30.4%) |

Op 'n volgende vraag oor met wie hulle tydens hul skoolloopbaan hul beroepskeuseprobleme bespreek het, het respondente "Altyd" veel eerder met hul ouers (404 (44.1%)); vriende of familie (105(11.5%)) en 'n spesiale vriend(in) (249 (27.2%)) sulke onderhoude gevoer. Hierteenoor blyk dit dat slegs 58 (6.3%) respondente "Altyd" en 349 (38.1%) "Byna nooit" met die onderwyservoorligter en slegs 57 (6.2%) "Altyd" en 318 (34.7%) "Byna nooit" hul beroepskeuseprobleme met 'n bepaalde vakonderwyser in hul skoolloopbaan bespreek nie. (Vgl. par. 7.3.9 tabel 7.18.)

Ten opsigte van die voorligtingstaak en die oriënteringspligte van die onderwyservoorligter, word aanbeveel dat navorsing deur die Opvoedkunde fakulteite van tersiêre inrigtings geïnisieer word met die oog daarop dat deeglik ondersoek ingestel kan word na -

(i) die onderwysersopleiding van die onderwyservoorligter; en

(ii) die daarstelling van 'n spesialis onderwyspos op minstens die intreepunt (posvlak 1) by alle skole landwyd. In 'n mate kan in so 'n ondersoek vasgestel word of die kritiek wat telkens na die onderwys geslinger word, naamlik dat die 'Beroepsleidingprogram/Loopbaanoriënteringsprogram (in die lig van die kwalifikasies waaroor so 'n onderwyser behoort te beskik) van die skool veel te wense oorlaat', geregverdig is al dan nie.

### 8.4.3 Inligting op skool ontvang

Uit die ondersoek het dit aan die lig gekom dat daar nie 'n gebrek aan gepubliseerde beroepsvoorligtingmateriaal in die beroepsvoorligtinglokale van skole bestaan nie, terwyl daar in 'n mindere mate wel videokassetbandopnames met beroepsinligting in die skole beskikbaar is. (Vgl. tabel 7.19.)

Wat betref die inligting op skool ontvang ten opsigte van studie- sowel as beroepsgeleenthede op die vlakke van universiteits- en technikonopleiding, het respondente "baie gereeld" en "genoegsaam" inligting ontvang. Terselfdertyd het dit ook duidelik uit die ondersoek geblyk dat die beroepsleidingprogram meer klem op akademiese opleiding ten opsigte van studierigtings en -geleenthede, asook beroepsgeleenthede wat tersiêre opleiding vereis geplaas het. (Vgl. par. 7.3.11.1 tabel 7.20.)

Uit die response van 766 (83.5%) respondente blyk dit duidelik dat die onderwyservoorligter of die departementshoof hoofsaaklik verantwoordelik is vir die sekondêre skool se beroepsleidingprogram. Volgens die gegewens is dit duidelik dat in die st 5-program groter klem op skoolprestasie, studiegewoontes en -metodes, asook sekondêre skool- en vakkeuses geplaas word, terwyl daar in 'n mindere mate klem gelê word op temas soos selfkennis en die self asook moontlike beroepe en 'n aanverwante beroepsloopbaan. (Vgl. par. 7.3.14.1 tot 7.3.14.7 tabel 7.23.)

Voorts blyk dit dat op bepaalde temas in st 6 tot st 10, (volgens respondente) hoër aangeslaan is as ander. Uit die ondersoek het aan die lig gekom dat die tema "Arbeidsgesindheid en -opvattings" in st 8 met 'n klein groepie respondente behandel is, terwyl die meerderheid respondente aangetoon het dat temas soos "Beroepsverkenning en studies", asook "Beroepsmoontlikhede en studierigtings" wel met hulle behandel is. Die temas waar vaardighede ter sprake is (soos in st 6 en st 8) byvoorbeeld "Onrealistiese beroepskeusemotiewe" het ook in st 9 nie in dieselfde mate aandag geniet as die ander temas nie. Dit blyk verder dat daar in st 10 ook minder klem gelê is op temas soos die volgende:

* "Beroepslewe en die Staat, die Kerk en gesins- en gemeenskapslewe"; en

* Arbeidsverhoudinge en arbeids- en lewensopvatting.

Temas soos "Beroepskeuse";
"Studiemetodes en -gewoontes"; en
"Aansoek om werk"

is wel deur die groter meerderheid respondente aangetoon dat dit meer aandag geniet het in st 10 as ander temas.

In die lig van die bevindings soos dit uit die ondersoek blyk, sal daar aansienlik meer aandag aan die nodige beroepsvaardighede gegee moet word ten einde te verseker dat beroepsweerbare skoolverlaters die volwasse beroepswêreld met die nodige selfvertroue tegemoet te kan tree. Hierdie aangeleentheid behoort ook aangespreek te word in die kurrikulering en die daarstelling van 'n verantwoordbare loopbaanoriënteringsprogram waar meer klem geplaas behoort te word op beroepsmatige vaardighede wat die jeugdige vir die duur van sy beroepsloopbaan kan toerus. Hiermee vind hierdie ondersoek sterk aansluiting by die Departement van Onderwys en Kultuur se ondersoek na die Evaluering en Bevordering van Loopbaanonderwys (die Walters-verslag, 1990).

### 8.4.4 Beroepsleiding by die skool ontvang

Gemeet aan die voorstelle/aanbevelings wat die Onderwysvernuwingstrategie Besprekingsdokument voorstaan, sal daar noodwendig kennis geneem moet word van die moontlikheid dat daar 'n uittreepunt na sewe jaar skoolplig van toepassing gemaak kan word. Met inagneming van die respondente in hierdie ondersoek se response, blyk dit duidelik dat 'n groot leemte ten opsigte van individuele beroepstudies - veral tot en met st 7 - tydens beroepsleidingperiodes bestaan. In 'n mindere mate wek die beroepstudies in groepverband kommer, hoewel dit nie bevredigend is nie. (Vgl. par. 7.3.6 tabel 7.14 en par. 7.3.7 tabek 7.16.)

### 8.4.5 Respondente en hul beroepskeuse

In paragraaf 7.3.14 (7.3.14.1 tot 7.3.14.7) is daarop gewys dat sekere faktore wat 'n rol by beroepskeuse speel tydens die beroepsleidingperiodes sterker beklemtoon word as ander. Verder het dit geblyk dat dié faktore van meer algemene belang is sterker beklemtoon as faktore wat meer op individuele vermoëns, aanleg en belangstellings asook beroepsvaardighede gerig is.

In hierdie verband word aanbeveel dat die verantwoordelike onderwyser in sy opleiding opgeskerp behoort te word ten einde na behore uitvoering te gee aan bepalings rakende die rol wat sekere faktore by beroepskeuse speel soos uiteengesit in onder andere Wet 39 van 1967, Wet 73 van 1969 en Wet 70 van 1988, asook Regulasie R2029 van 12 November 1971 en Regulasie R434 van 19 Maart 1976.

### 8.4.6 Die skool se beroepsleidingprogram

Om meer duidelikheid aan leerlinge rakende hul beroepskeuse te kan gee, behoort sterk oorweging geskenk te word aan projekte waar leerlinge die geleentheid gebied word om deur bemiddeling van die gekurrikuleerde loopbaanoriënteringsprogram nie net besoeke aan werkplekke te bring nie, maar ook tydelike werkervaring (nie as blote metode om ekstra sakgeld te verdien nie) op te doen.

Daadwerklike pogings moet aangewend word om sake soos werkwaarneming in die breedste sin, maar ook indiensplasing vir veral die vroeë skoolverlater, in die skoolkurrikulum en spesifiek in die loopbaanoriënteringsprogram in te werk.

Uit die navorsingsgegewens is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid respondente, naamlik 672 (73.3%), van mening was dat die skool se beroepsleidingprogram nie hul beroepskeuse beïnvloed het nie en dat 817 (89.1%) van diegene wat by hierdie ondersoek betrek is, aangetoon het dat hulle reeds 'n beroepskeuse uitgeoefen het. 543 (59.2%) respondente was "baie seker" en 256 (27.9%) "redelik seker" van hul beroepskeuse tydens die insameling van die data. (Vgl. tabel 7.27 en 7.28.) Voorts het respondente aangetoon dat "salaris-/vergoedingspakket" dié faktor is wat hul beroepskeuse die meeste beïnvloed het. Daar kan afgelei word dat die etiek rakende beroepskeuse nie altyd na behore onder respondente se aandag gebring is nie. (Vgl. tabel 7.29.)

## 8.5 HOOFBEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE DATA SOOS VERVAT IN DIE TWEERIGTINGGEBEURLIKHEIDSTABELLE

### 8.5.1 Geslag van respondente en ligging van die skool teenoor inligting op skool met betrekking tot studierigtings en -geleenthede, asook beroepsmoontlikhede en beroepskeuse

Die verhouding mans tot dames wat by hierdie ondersoek betrek is, ook met betrekking tot die ligging van die skool waar hulle matrikuleer het, verskil nie beduidend van mekaar nie. Dit is tog interessant om daarop te wys dat die verhouding mans tot dames met betrekking tot die provinsiale ligging van die skool waar hulle matrikuleer het, van mekaar verskil. Uit Transvaalse skole is 274 (29.9%) mans en 414 (45.2%) dames betrek teenoor 23 (2.5%) mans en 20 (2.2%) dames uit Kaapland, 52 (5.7%) mans en 59 (6.4%) dames uit die Oranje-Vrystaat, 24 (2.6%) mans en 35 (3.8%) dames uit Natal, terwyl 8 (0.8%) mans en 7 (0.7%) dames uit ander streke betrek is. (Vgl. par. 7.4.1 tabel 7.31.)

Dit het in die ondersoek duidelik na vore gekom dat daar tussen mans en dames onbeduidende verskille bestaan ten opsigte van hul mening oor inligting op skool ontvang rakende studierigtings en -geleenthede op die verskillende vlakke van opleiding.

Waar respondente verdeel is met betrekking tot die ligging van die skool in stedelike gebiede, groot dorpe en landelike gebiede, is dieselfde tendens opgemerk uit hul response oor die inligting op skool ontvang ten opsigte van studierigtings en -geleenthede asook beroepsmoontlikhede op verskillende vlakke van opleiding. Daar is reeds in par. 7.3.11 en par. 8.4.3 opgemerk dat groter klem op die beroepsmoontlikhede sowel as studierigtings en -geleenthede op tersiêre opleidingsvlakke gelê is as op die ander opleidingsvlakke. Die respondente uit skole in

stedelike gebiede se response verskil nie beduidend van mekaar ten opsigte van elk van die betrokke veranderlikes nie.

Weens die feit dat die oorgrote meerderheid respondente (75.0%) uit Transvaalse skole kom, is geoordeel dat dit nie wetenskaplik verantwoordbaar is om hul response met dié van die respondente uit die ander provinsies s'n te vergelyk nie. Daar is egter besluit om daardie response vir die interessantheid daarvan, wel te tabuleer.

Dit het duidelik uit die ondersoek na vore gekom dat mans en dames beduidend van mekaar verskil ten opsigte van beroepstudies wat hul nie in groepverband gedoen het nie tot en met st 7. Verder het ook aan die lig gekom dat hulle beduidend van mekaar verskil ten opsigte van die beroepstudies in groepverband wat hulle vanaf st 6 tot st 10 gedoen het. Mans en dames verskil verder ook beduidend van mekaar met betrekking tot die feit dat die skool se beroepsleidingprogram nie hul beroepskeuse beïnvloed het nie. 'n Aansienlike groter persentasie dames (45.2%) teenoor (28.5%) mans was van mening dat die skool se beroepsleidingprogram nie hul beroepskeuse beïnvloed het nie (vgl. tabel 7.32.). Dit het verder baie duidelik uit die ondersoek na vore gekom dat wat dié respondente wat baie seker van hul beroepskeuse was betref, mans en dames nie veel van mekaar verskil nie. Daar is tog 'n redelike mate van verskil tussen dié mans en dames wat aangetoon het dat hulle "redelik seker" en "ietwat onseker" van hul beroepskeuse was.

Die ondersoek het ook getoon dat die verhouding waartoe die skool se beroepsleidingprogram respondente se beroepskeuse beïnvloed het, tot die mate wat dit nie hul beroepskeuse beïnvloed het nie, onbeduidend van mekaar verskil wat die ligging van die skool betref. Ongeag of die respondente uit stedelike gebiede, groot dorpe of landelike gebiede kom, het dit geblyk dat die skool se program maar

sowat 239 (27.3%) respondente se beroepskeuse beïnvloed het, terwyl die res, naamlik 671 (73.7%) respondente se keuse nie deur die skool se beroepsleidingprogram beïnvloed is nie.

8.5.2 Ligging van die skool en organisasie van die skoolprogram

Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat die onderwyser verantwoordelik vir die beroepsleiding in die skool, hoofsaaklik die onderwyservoorligter is en dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen die response van die respondente wat by skole in stedelike gebiede, groot dorpe en landelike gebiede matrikuleer het nie. Voorts is ook baie duidelik aangetoon dat by verreweg die meerderheid respondente, die standerdgroepe in die primêre sowel as in die sekondêre skool nooit saamgegroepeer is nie, hoewel dit soms in kleiner skole geskied het. (Vgl. tabel 7.22 en 7.33.)

8.5.3 Inligting op skool ontvang ten opsigte van beroepsmoontlikhede en vlakke van opleiding teenoor respondente se beroepskeuse

Die navorsingsgegewens van hierdie ondersoek toon baie duidelik in tabel 7.34 (par. 7.4.4) aan dat waar respondente van mening was dat hulle "baie gereeld" inligting oor die beroepsmoontlikhede op verskillende vlakke van opleiding ontvang het, die skool se beroepsleidingprogram 'n groter invloed op hul beroepskeuse uitgeoefen het as op dié respondente wat aangetoon het dat hulle onvoldoende of feitlik geen inligting oor die beroepsmoontlikhede op die verskillende vlakke van opleiding ontvang het.

Daar is voorts in hierdie ondersoek bevind dat waar respondente van mening was dat hulle "baie gereeld" inligting op skool oor beroepsmoontlikhede op die verskillende vlakke van opleiding ontvang het, is daar ook 'n groter mate van beroepskeuse-sekerheid by hulle te bespeur as by diegene wat aangedui het dat hulle "onvoldoende" en

"feitlik geen" inligting op skool in dié verband ontvang het nie.

### 8.5.4 Inligting op skool ontvang ten opsigte van beroepsmoontlikhede en studie van beroepe op die vlak van opleiding teenoor die organisasie van die skool

Daar is in hierdie ondersoek bevind dat respondente aangedui het dat baie meer aandag aan die beroepsmoontlikhede en die studie van beroepe op die vlak van universiteitsopleiding gegee word in teenstelling met die beroepsmoontlikhede en 'n studie van beroepe op die vlak van ander opleidingsinstansies. Dit het duidelik in hierdie ondersoek na vore gekom dat in prioriteitsorde meer aandag gegee is aan beroepsmoontlikhede en die studie van beroepe op die vlakke van -

(1) die universiteit;
(2) die technikon; en
(3) ander opleidingsinstansies en indiensopleiding. Laasgenoemde het baie minder aandag geniet as eersgenoemde twee.

Met betrekking tot die inligting op skool ontvang ten opsigte van studierigtings en -geleenthede op die verskillende vlakke van opleiding, is dit nodig om tot dieselfde gevolgtrekking te kom as daar gelet word op die response van die respondente wat in hierdie ondersoek betrek is. (Vgl. tabel 7.36 in hierdie verband.)

**Daar word aanbeveel dat, ook wat onderwysersopleiding betref, daar om in die loopbaanoriënteringsprogram van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, groter prioriteit verleen moet word aan daardie aspekte wat deur middel van opleidings- en beroepsmoontlikhede op ander vlakke naas opleiding op universiteitsvlak, aan die jeugdiges in skole ontsluit sal moet word.**

8.5.5 Inligting op skool ontvang ten opsigte van studierigtings en -geleenthede en respondente se beroepskeuse

Uit hierdie ondersoek het dit na vore gekom dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen respondente wat aangedui het dat hulle baie en genoegsame inligting oor studierigtings en -geleenthede op universiteit- en technikonvlak ontvang het, en die mening wat hulle huldig met betrekking tot die invloed van die skool se beroepsleidingprogram op hul beroepskeuse nie. Dieselfde bevinding is ook gemaak met betrekking tot diegene wat aangedui het dat hulle onvoldoende en feitlik geen inligting op skool oor studierigtings en -geleenthede op die vlakke van opleiding by ander opleidingsinstansies en by indiensopleiding ontvang het, en die mate wat die skool se beroepsleidingprogram respondente se beroepskeuse beïnvloed het. (Vgl. tabel 7.37.)

Daar is egter beduidende verskille tussen die hoeveelheid inligting op skool ontvang oor studierigtings en -geleenthede op universitêre en technikonopleidingsvlakke aan die een kant, en die opleidingsvlakke van ander opleidingsinstansies en indiensopleiding aan die anderkant, asook die mate wat die skool se beroepsleidingprogram invloed op respondente se beroepskeuse uitgeoefen het.

8.5.6 Beroepsleiding op skool

Uit die navorsingsgegewens van hierdie ondersoek, is dit duidelik dat beroepsleiding op skool hoofsaaklik in groepverband gedoen is. Individuele beroepsleiding, met die oog op die beroepskeuse van die jeugdiges, figurêer beduidend minder in die skool se beroepsleidingpogram. (Vgl. tabel 7.39.)

Voorts het dit ook in hierdie ondersoek aan die lig gekom dat, hoewel die respondente aangetoon het dat die onderwyservoorligter of 'n ander onderwyser hoofsaaklik verant-

woordelik vir die skool se beroepsleidingprogram is, is daar "nooit" of "1 of 2 keer" op individuele basis beroepskeuse-onderhoude met hulle gevoer. Daar is nie aan die onderwyservoorligter of onderwyser verantwoordelik vir beroepsleiding, voorkeur bó 'n bepaalde vakonderwyser gegee nie. Die verskille in dié verband blyk onbeduidend. Waar daar "3 en meer keer" beroepskeuse-onderhoude met die twee "kategorieë" onderwyspersoneel (die onderwyservoorligter en die vakonderwyser) gevoer is, blyk dit dat voorkeur aan bepaalde vakonderwysers gegee is bó die onderwyser hoofsaaklik verantwoordelik vir die skool se beroepsleidingprogram.

Wat die rol van die onderwyshulpdienspersoneel se betrokkenheid by die beroepskeuse-onderhoude betref, blyk dit dat hierdie personeel op 'n baie kleiner skaal betrokke is as die skoolpersoneel - op individuele basis, sowel as in groepverband.

Uit die ondersoek het dit ook geblyk dat respondente eerder hul beroepskeuseprobleme met hul ouers; daarna met vriende of familie; 'n spesiale vriend(in) en eers daarna met die onderwyservoorligter bespreek het. Aan die anderkant het uit die ondersoek na vore gekom, dat waar respondente nie op gereelde basis op die lesrooster individuele beroepsleiding ontvang het nie, was 406 (51.4%) van mening dat hulle in grade van "baie", "redelik baie" en "genoegsaam", inligting met betrekking tot hul beroepskeuse bekom het. Waar respondente op 'n gereelde basis beroepsleiding in groepverband gekry het, was 525 (59.7%) van mening dat hulle in grade van "baie", "redelik baie" en "genoegsaam", inligting oor beroepskeuse op skool bekom het.

Dit is duidelik dat die verskille tussen die menings van mans en dames ten opsigte van beroepsinligting deur middel van besoeke aan loopbaanuitstallings bekom, onbeduidend is. Interessant is egter dat daar nie 'n beduidende

verskil is tussen die menings van respondente uit skole in stedelike gebiede en groot dorpe nie, maar wel by diegene uit landelike gebiede met betrekking tot die grade "baie", "redelik baie" en "genoegsaam" beroepsinligting bekom by wyse van besoeke aan loopbaanuitstallings. Dit het verder uit die ondersoek na vore gekom dat 478 (52.5%) respondente afkomstig uit Transvaalse skole van mening was dat hulle minstens "genoegsaam" beroepsinligting deur middel van loopbaanuitstallings bekom het en volgens 206 (22.6%) dat hulle "feitlik geen" beroepsinligting op hierdie wyse bekom het nie. (Vgl. tabel 7.43.)

Die navorsing het verder getoon dat daar geen beduidende verskille bestaan tussen die evaluering van mans en dames ten opsigte van die beroepskeuse-inligting bekom deur middel van die skool se beroepsleidingprogram nie. Hierdie bevinding geld ook ten opsigte van respondente uit skole in stedelike gebiede, groot dorpe asook dié wat uit landelike gebiede en uit Transvaalse skole kom.

### 8.5.7 Inligting op skool ontvang ten opsigte van beroepsmoontlikhede en die skool se beroepsleidingprogram in st 6 en st 7

In hierdie ondersoek is bevind dat dieselfde tendens ten opsigte van die temas -

* studiegewoontes en -metodes (st 6 en 7);
* die verwante temas "vakprestasies", "skool- en vakkeuses" (st 6), "vak- en studierigtingkeuses" (st 7)

met betrekking tot die beroepstudies in groepverband in st 6 en 7, die invloed van die skool se beroepsleidingprogram op respondente se beroepskeuse en respondente se beroepskeusesekerheid, te bespeur is.

Daar blyk onbeduidende verskille te wees wat die vraag laat ontstaan of die betrokke temas nie 'n blote herha-

ling van die vorige jaar is met geen progressie nie; of dalk nie na behore in die beroepsleidingprogram oorgedra is nie?

Dit wil egter voorkom of dieselfde redenasie nie ten opsigte van die temas -

* "Beroepsverkenning en -studies" (st 6); en
* "Beroepsvelde en studierigtings" (st 7)

geld nie, aangesien hier beduidende verskille met betrekking tot beroepstudies in groepverband in st 6 en 7; die invloed van die skool se beroepsleidingprogram op respondente se beroepskeuse en hul beroepskeusesekerheid opgemerk word. Aangesien die respondente in st 7 prakties 'n spesifieke studierigting moet kies (behalwe vir enkele spesialisrigtings soos byvoorbeeld die tegniese en die landbou studierigtings wat hulle reeds in st 6 moes kies), het meer respondente aangedui dat die laasgenoemde tema wel met hulle behandel is en dat hulle in 'n mindere mate onseker was of die temas in st 7 behandel is al dan nie.

Gegewens in hierdie navorsing in tabel 7.23 (par. 7.3.14) (vgl. ook tabel 7.46.1 en 7.47.1) toon aan dat die groot meerderheid respondente (behalwe vir die tema "waarom mense werk" wat 39.8% respondente bevestigend beantwoord het) met betrekking tot die temas wat met hulle in st 6 behandel is, soos volg verdeel is:

| | |
|---|---|
| Studiegewoontes- en metodes | - Ja (82.9%) |
| | Nee (11.3%) |
| | Onseker (5.3%) |
| Beroepsverkenning en -studies | - Ja (60.0%) |
| | Nee (24.6%) |
| | Onseker (14.7%) |

Vakprestasies, skool- en vakkeuse - Ja (81.9%)
Nee (9.5%)
Onseker (8.3%)

Ten opsigte van die temas in st 7 bespreek, was respondente soos volg verdeel, naamlik:
(Vgl. ook tabel 7.46.2 en 7.47.2.)

Vak- en studierigtingkeuses - Ja (90.2%)
Nee (4.9%)
Onseker (4.6%)

Studiemetodes en -gewoontes - Ja (81.0%)
Nee (12.3%)
Onseker (6.2%)

Beroepsvelde en studierigtings - Ja (72.8%)
Nee (17.0%)
Onseker (9.4%)

Selfevaluering, persoonsgeskiktheid
en beroepsvelde - Ja (63.2%)
Nee (20.9%)
Onseker (14.9%)

Vroeë skoolverlating - Ja (49.2%)
Nee (37.0%)
Onseker (12.6%)

### 8.5.8 <u>Inligting op skool ontvang ten opsigte van beroepsmoontlikhede en die skool se beroepsleidingprogram in st 8 tot 10</u>

Waar 'n bepaalde tema in opeenvolgende skooljare aangebied is, is in hierdie ondersoek bevind dat, ten opsigte van die tema "Beroepsverkenning en -studies" (st 8) en "Beroepsverkenning" (st 9), daar nie beduidende verskille tussen die response met betrekking tot beroepstudies op

individuele basis (sowel as in groepverband), die invloed van die skool se beroepsleidingprogram op respondente se beroepskeuse en hul beroepskeusesekerheid is nie. Dit korreleer met die bevindinge gemaak in par. 8.5.7 hierbo. (Vgl. ook tabel 7.48 en 7.49.)

Dit het ook geblyk dat dieselfde geneigdheid bestaan ten opsigte van die onderskeie verwante temas soos "Beroepsmoontlikhede en studierigtings" (st 8) en "studie- en opleidingsgeleenthede" na st 10 (st 9). Dit het verder duidelik uit die ondersoek na vore gekom dat die meerderheid respondente wel aangetoon het dat temas wat veronderstel is om in st 8 tot 10 behandel te word, wel in 'n mindere of meerdere mate met hulle bespreek is.

## 8.6 ENKELE VERDERE AANBEVELINGS

### 8.6.1 Die Loopbaanoriënteringsprogram

(1) 'n Opvoedkundig verantwoorde beroeps- en loopbaankeuse is die uitkoms van 'n proses waar die leerling/skoolverlater aan die hand van gespesialiseerde leiding, self 'n beroepskeuse moet uitoefen. Hier kan die vakonderwysers 'n loopbaanoriënteringsbenadering in die onderrig van skoolvakke en -programme bewerkstellig. As deel van 'n oorkoepelende program, behoort 'n besondere plek aan die loopbaanoriënteringsprogram in die totale skoolprogram toegeken te word.

(2) Ten einde die ontwikkeling in die loopbaanoriënteringsteorie en -praktyk te akkommodeer, behoort die skool se program, in soverre dit prakties moontlik is, aan die verwagtinge en behoeftes van die werknemersgemeenskap te voldoen. Die fokus moet op die leerling as potensiële werknemer geplaas word.

(3) Inspraak deur die werkgewersektor in die ontwerp van 'n loopbaanoriënteringsprogram is noodsaaklik. Hier-

voor is deeglike koördinering nodig. Die behoeftes aan verantwoordelike loopbaanontwerp, -beplanning, -onderwys en -oriëntering behoort deurlopend aandag te geniet.

(4) **Leerlingmotivering en -voorbereiding met betrekking tot beroepskeusebesluitnemingsvaardighede moet relevant wees vir leerlinge en hul ouers. Dit behoort reeds vroeg in die primêre skool se program 'n aanvang te neem.**

(5) Doeltreffende loopbaanoriëntering is alleen moontlik indien dit neerslag vind in 'n oorwoë georiënteerdheid ten opsigte van die beroepslewe, asook die leerling se eie ingesteldheid teenoor 'n beroepsloopbaan. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die leerling aktief by die loopbaanoriënteringsprogram van die skool deur deelname aan groepwerk betrek word, die gebruik van selfevalueringskale, besoeke aan loopbaanuitstallings, asook werkwaarneming en tydelike werkervaring. Dit is van die uiterste belang dat elke leerling se beroepsbelangstelling en -kennis gestimuleer en uitgebrei moet word alvorens hy 'n verantwoorde beroepskeuse kan maak.

8.6.2 Die opleiding van die onderwyservoorligter

(1) Daar moet daadwerklik gepoog word om te voldoen aan die voorskrifte soos bepaal deur die Staatskoerant van 19 Maart 1976 rakende opleiding van onderwysers belas met skoolvoorligting. 'n Ondersoek na die kwalifikasies van hierdie "kategorie" onderwysers, kan aanvullend tot hierdie ondersoek moontlik leemtes in die beroepsleidingprogram van Transvaalse sekondêre skool uitwys.

(2) Hoewel daar in die ondersoek nie gelet is op die opleiding van die onderwyservoorligter nie, word geoordeel dat daar ondersoek ingestel behoort te word na spesifiek die opleiding van die onderwyservoorligter. Die Departement van Nasionale Opvoeding se "Onderwysvernuwingstrategie Besprekingsdokument" impliseer dat groter klem op die beroepsweerbaarheid van die potensieel vroeë skoolverlater geplaas moet word. Dit vereis beter opgeleide onderwyservoorligters vir die primêre en sekondêre skool. Dit noodsaak weer doeltreffende verantwoorde beroepsleiding binne die loopbaanoriënteringsprogram vir die primêre en sekondêre skool. Dit sal dan vir die deeglik opgeleide onderwyservoorligter moontlik wees om die potensieel vroeë skoolverlater beroepsweerbaar te maak.

8.6.3 Pligstate en poste van onderwyser verantwoordelik vir Loopbaanoriëntering

(1) Die pligstaat van die onderwyser moet van so 'n aard wees dat dit voldoende tyd vir die "onderrig" van Loopbaanoriëntering toelaat. So 'n pligstaat behoort voldoende voorsiening te maak vir groepwerk, edumetriese en individuele werk, asook vir administratiewe verpligtinge.

(2) Personeel verantwoordelik vir loopbaanoriëntering behoort binne die bepaalde beleidsparameters sinvolle skakeling en koördinering tussen werkgewers en opleidingsinstansies te bewerkstellig sodat die buite-persone sekere aspekte van Loopbaanoriëntering in die skool kan behartig.

(3) Nouer professionele samewerking en skakeling behoort plaas te vind tussen buite-instansies en die personeel verantwoordelik vir Loopbaanoriëntering. Onder-

linge samewerkingsooreenkomste moet met buite-instansies aangegaan word om byvoorbeeld die duplisering van psigometriese ondersoeke, onnodige verwysings en onrealistiese en teenstrydige raadgewing uit te skakel. Sodoende sal die status en geloofwaardigheid van die diens wat deur die skool en die onderwyshulpdienste gelewer word, verhoog.

## 8.7 SAMEVATTING EN SLOTGEDAGTE

In die lig van die fundamentele aangesprokenheid tot arbeid behoort die skool se loopbaanoriënteringsprogram alle mensepotensiaal tot optimale volwassenheid te lei.

Daar is deur middel van hierdie ondersoek gepoog om aan te toon dat daar 'n ernstige behoefte bestaan vir 'n doeltreffende en effektiewe loopbaanoriënteringsprogram.

"Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik" (Mattheus 5:16).